Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 141] KAAPSTAD, 23 MAART 1977 / CAPE TOWN, 23 MARCH 1977 [No. 5465

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 446. 23 Maart 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 28 van 1977: Ongevallewysigingswet, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 446. 23 March 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 28 of 1977: Workmen's Compensation Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# ACT

**To amend the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941, in order to fix a higher maximum earnings limit for the purposes of the definition of "workman"; to extend the meaning of the expression "dependant"; to empower the commissioner to enter into an agreement for the payment of global sums by the Motor Vehicle Assurance Fund in lieu of compensation recoverable by him from third parties; to empower the commissioner, when awarding or revising the award of compensation to dependants of workmen in respect of permanent disablement or death, to make allowance for lump sums previously paid to such workmen in lieu of pensions; to increase the maximum amount of compensation payable to workmen or their dependants and the amount payable in respect of the burial expenses of a workman; to abolish the discontinuation, after marriage or remarriage, of certain pensions payable to widows or invalid widowers; to increase the monthly balance employed as a criterion in determining whether the whole of a pension may be commuted and paid in a lump sum; to include the payment of lump sums in the matters in respect of which certain employers or mutual associations may be authorized to make provisional settlements; and to provide for the payment of compensation in the form of pensions to certain Bantu workmen or their dependants and for the allocation of compensation to certain of their dependants in the event of the death of such workmen; and to provide for incidental matters.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 March 1977.*)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 30 of 1941, as substituted by section 1 of Act 21 of 1964 and amended by section 1 of Act 58 of 1967, section 2 of Act 9 of 1970 and section 2 of Act 11 of 1974.

**1.** Section 3 of the Workmen's Compensation Act, 1941 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(b)* persons whose earnings calculated in the manner set forth in section 41 exceed nine thousand six hundred rand a year;".

Amendment of section 4 of Act 30 of 1941, as amended by

**2.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of subsection (1) of the following paragraph:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Ongevallewet, 1941, ten einde 'n hoër maksimum verdienstegrens vir die doeleindes van die omskrywing van „werksman" te bepaal; die betekenis van die uitdrukking „nabestaande" uit te brei; die kommissaris te magtig om 'n ooreenkoms aan te gaan vir die betaling van globale bedrae deur die Motorvoertuigassuransiefonds in plaas van skadeloosstelling wat deur hom op derde partye verhaalbaar is; die kommissaris te magtig om by die toewysing van skadeloosstelling ten opsigte van blywende arbeidsongeskiktheid of dood aan nabestaandes van werksmense, of by die hersiening van so 'n toewysing, enkele geldsomme in aanmerking te neem wat vantevore aan sodanige werksmense betaal is in plaas van pensioene; die maksimum bedrag van skadeloosstelling wat aan werksmense of hul nabestaandes betaalbaar is en die bedrag betaalbaar ten opsigte van die begrafnisonkoste van 'n werksman, te verhoog; die staking, na troue of hertroue, van sekere pensioene wat aan weduwees of sieklike wewenaars betaalbaar is, af te skaf; die maandelikse oorskot wat aangewend word as 'n maatstaf om te bepaal of die geheel van 'n pensioen omgesit en in 'n enkele geldsom uitbetaal kan word, te verhoog; die betaling van 'n enkele geldsom in te sluit by die aangeleenthede ten opsigte waarvan sekere werkgewers of onderlinge verenigings gemagtig kan word om voorlopige skikkings aan te gaan; en voorsiening te maak vir die betaling van skadeloosstelling in die vorm van pensioene aan sekere Bantoewerksmense of hul nabestaandes en vir die toewysing van skadeloosstelling aan sekere van hul nabestaandes in die geval van die dood van sodanige werksmense; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 Maart 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 3 van die Ongevallewet, 1941 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* persone wie se verdienste, bereken op die wyse uiteengesit in artikel 41, nege-duisend seshonderd rand per jaar te bowe gaan;".

Wysiging van artikel 3 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 1 van Wet 21 van 1964 en gewysig deur artikel 1 van Wet 58 van 1967, artikel 2 van Wet 9 van 1970 en artikel 2 van Wet 11 van 1974.

**2.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(f)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 4 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





section 3 of Act 27 of 1945, section 3 of Act 51 of 1956 and section 3 of Act 11 of 1974.

"*(f)* any other person who, in the opinion of the commissioner, was at the time of the accident wholly or partly dependent upon the workman for the necessaries of life:".

Amendment of section 8 of Act 30 of 1941, as substituted by section 2 of Act 21 of 1964.

**3.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) For the purposes of this section, 'compensation' includes the cost of medical aid and any amount paid or payable in terms of section 40 (2), 44 or 76 (2), and in the case of a continuing liability, also the capitalized value, as determined by the commissioner, of the pension (irrespective of whether a lump sum is at any time paid in lieu of the whole or a portion of such pension in terms of section 49), periodical payment or allowance, as the case may be, which constitutes the liability."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(6) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law and without derogating from the provisions of subsection (1) *(a)*, the commissioner may enter into an agreement with the manager of the Motor Vehicle Assurance Fund referred to in section 5 of the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972 (Act No. 56 of 1972), for the payment, in respect of a term mutually agreed upon between the commissioner and the said manager, of a global sum, similarly agreed upon between the commissioner and the said manager, by the said Fund to the commissioner, in lieu of all such compensation as the commissioner might, in terms of subsection (1) *(b)*, otherwise have recovered from the said Fund or the authorized insurers contemplated in section 10 of the said Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972, in respect of claims arising during such term.".

Amendment of section 31 of Act 30 of 1941, as amended by section 13 of Act 27 of 1945, section 10 of Act 36 of 1949 and section 3 of Act 98 of 1969.

**4.** Section 31 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(a)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) in the case of dependants any benefits granted to them under any law on account of the injury, death or ill-health or any physical disablement of the workman and any lump sum awarded to the workman in terms of section 45 or 49;".

Amendment of section 38 of Act 30 of 1941, as amended by section 18 of Act 27 of 1945, section 14 of Act 36 of 1949, section 13 of Act 51 of 1956, section 4 of Act 7 of 1961, section 2 of Act 58 of 1967, section 1 of Act 60 of 1971 and section 6 of Act 11 of 1974.

**5.** Section 38 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) *(a)* for the expression "two hundred and forty-seven" of the expression "four hundred";

*(b)* by the substitution in subsection (4) for the expression "two hundred and forty-seven" of the expression "four hundred"; and

*(c)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The compensation in case of temporary partial disablement shall be such portion of the periodical payments referred to in subsection (1) as the commissioner may deem equitable.".

Amendment of section 39 of Act 30 of 1941, as amended by section 19 of

**6.** Section 39 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the expression "two hundred and forty-seven", wherever it occurs, of the expression "four hundred"; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



„(f) enige ander persoon wat, na die oordeel van die kommissaris, ten tyde van die ongeval geheel of gedeeltelik afhanklik was van die werksman vir lewensbehoeftes:". artikel 3 van Wet 27 van 1945, artikel 3 van Wet 51 van 1956 en artikel 3 van Wet 11 van 1974.

Wysiging van artikel 8 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 2 van Wet 21 van 1964.

**3.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) By die toepassing van hierdie artikel omvat ,skadeloosstelling' ook die koste van geneeskundige behandeling en enige bedrag betaal of betaalbaar ingevolge artikel 40 (2), 44 of 76 (2), en in die geval van 'n voortdurende verpligting ook die gekapitaliseerde waarde, soos deur die kommissaris vasgestel, van die pensioen (ongeag of 'n enkele geldsom in plaas van die pensioen of 'n gedeelte daarvan te eniger tyd kragtens artikel 49 betaal word), periodieke uitkering of toelae wat, na gelang van die geval, die verpligting uitmaak."; en

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(6) Ondanks andersluidende wetsbepalings en sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (1) *(a)*, kan die kommissaris 'n ooreenkoms aangaan met die bestuurder van die Motorvoertuigassuransiefonds bedoel in artikel 5 van die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972 (Wet No. 56 van 1972), vir die betaling, ten opsigte van 'n termyn waartoe die kommissaris en bedoelde bestuurder onderling ooreengekom het, van 'n globale bedrag waartoe die kommissaris en bedoelde bestuurder insgelyks onderling ooreengekom het, deur bedoelde Fonds aan die kommissaris in plaas van alle skadeloosstelling wat die kommissaris ingevolge subartikel (1) *(b)* andersins op bedoelde Fonds of die bevoegde versekeraars beoog in artikel 10 van bedoelde Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972, sou kon verhaal het ten opsigte van eise wat gedurende bedoelde termyn ontstaan.".

Wysiging van artikel 31 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 27 van 1945, artikel 10 van Wet 36 van 1949 en artikel 3 van Wet 98 van 1969.

**4.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(ii) in die geval van nabestaandes, voordele wat ingevolge enige wet aan hulle verleen is weens die besering, dood of slegte gesondheidstoestand of ander liggaamlike ongeskiktheid van die werksman en enige enkele geldsom kragtens artikel 45 of 49 aan die werksman toegeken;".

Wysiging van artikel 38 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 27 van 1945, artikel 14 van Wet 36 van 1949, artikel 13 van Wet 51 van 1956, artikel 4 van Wet 7 van 1961, artikel 2 van Wet 58 van 1967, artikel 1 van Wet 60 van 1971 en artikel 6 van Wet 11 van 1974.

**5.** Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) *(a)* die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" deur die uitdrukking „vierhonderd" te vervang;

(b) deur in subartikel (4) die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" deur die uitdrukking „vierhonderd" te vervang; en

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Skadeloosstelling weens tydelike gedeeltelike arbeidsongeskiktheid, bestaan uit sodanige gedeelte van die in subartikel (1) genoemde periodieke uitkerings as wat die kommissaris billik ag.".

Wysiging van artikel 39 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 19 van

**6.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „vierhonderd" te vervang; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Act 27 of 1945, section 15 of Act 36 of 1949, section 14 of Act 51 of 1956, section 5 of Act 7 of 1961, section 3 of Act 58 of 1967, section 2 of Act 60 of 1971 and section 7 of Act 11 of 1974.

(*b*) by the substitution in subsection (2) for the expression "two hundred and forty-seven" of the expression "four hundred".

Amendment of section 40 of Act 30 of 1941, as amended by section 20 of Act 27 of 1945, section 16 of Act 36 of 1949, section 15 of Act 51 of 1956, section 6 of Act 7 of 1961, section 4 of Act 58 of 1967 and section 8 of Act 11 of 1974.

**7.** Section 40 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subparagraph (iv) of the proviso to subsection (1) (*c*) for the word "one", wherever it occurs, of the word "two";

(*b*) by the substitution in subsection (1) (*e*) for the word "one" of the word "two";

(*c*) by the substitution in subsection (2) for the word "one" of the word "two";

(*d*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (4) of the following paragraph:

"(*a*) The pension payable to a widow or invalid widower under this section shall cease if she or he dies."; and

(*e*) by the deletion of paragraph (*c*) of subsection (4).

Amendment of section 49 of Act 30 of 1941, as amended by section 23 of Act 27 of 1945, section 23 of Act 36 of 1949 and section 9 of Act 7 of 1961.

**8.** Section 49 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) When a pension under section 39 or 40 does not exceed a prescribed amount, the commissioner may, in his discretion, pay or order the payment of a lump sum in lieu of a portion or the whole of such pension."; and

(*b*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) When such pension exceeds the prescribed amount, the commissioner may, in his discretion, in lieu of a portion of such pension, pay or order the payment of a lump sum not exceeding the maximum sum which, in the opinion of the commissioner, would have been payable under subsection (1) had the pension not exceeded the prescribed amount: Provided that if the balance of the pension payable is less than ten rand per month, the commissioner may pay or order the payment of a lump sum in lieu of the whole of such pension.".

Amendment of section 51 of Act 30 of 1941, as amended by section 24 of Act 36 of 1949 and section 10 of Act 11 of 1974.

**9.** Section 51 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) For the purpose of subsection (4) 'compensation' includes the cost of medical aid and any amount paid or payable in terms of section 40 (2), 44 or 76 (2), and in the case of a continuing liability, also the capitalized value, as determined by the commissioner, of the pension (irrespective of whether a lump sum is at any time paid in lieu of the whole or a portion of such pension in terms of section 49), periodical payment or allowance, as the case may be, which constitutes the liability.".

Amendment of section 63 of Act 30 of 1941.

**10.** Section 63 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Notwithstanding anything to the contrary in this Act, the commisioner may authorize an employer individually liable, or a mutual association with which such employer is insured, subject to such conditions as he may determine, to make provisional settlements of claims for compensation with his workmen, including provisional settlements in

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(b)* deur in subartikel (2) die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" deur die uitdrukking „vierhonderd" te vervang.

Wet 27 van 1945, artikel 15 van Wet 36 van 1949, artikel 14 van Wet 51 van 1956, artikel 5 van Wet 7 van 1961, artikel 3 van Wet 58 van 1967, artikel 2 van Wet 60 van 1971 en artikel 7 van Wet 11 van 1974.

Wysiging van artikel 40 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 27 van 1945, artikel 16 van Wet 36 van 1949, artikel 15 van Wet 51 van 1956, artikel 6 van Wet 7 van 1961, artikel 4 van Wet 58 van 1967 en artikel 8 van Wet 11 van 1974.

**7.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subparagraaf (iv) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) *(c)* die woord „duisend" oral waar dit voorkom deur die woord „tweeduisend" te vervang;

*(b)* deur in subartikel (1) *(e)* die woord „duisend" deur die woord „tweeduisend" te vervang;

*(c)* deur in subartikel (2) die woord „honderd-en-vyftig" deur die woord „tweehonderd-en-vyftig" te vervang;

*(d)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* Die pensioen ingevolge hierdie artikel betaalbaar aan 'n weduwee of 'n sieklike wewenaar verval as sy of hy sterf;"; en

*(e)* deur paragraaf *(c)* van subartikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 49 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 23 van Wet 27 van 1945, artikel 23 van Wet 36 van 1949 en artikel 9 van Wet 7 van 1961.

**8.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Wanneer 'n pensioen ingevolge artikel 39 of 40 'n voorgeskrewe bedrag nie te bowe gaan nie, kan die kommissaris na goeddunke in plaas van daardie pensioen of 'n gedeelte daarvan 'n enkele geldsom betaal, of gelas dat dit betaal word."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Wanneer sodanige pensioen die voorgeskrewe bedrag te bowe gaan, kan die kommissaris na goeddunke in plaas van 'n gedeelte van daardie pensioen, 'n enkele geldsom van hoogstens die maksimum bedrag wat na oordeel van die kommissaris kragtens subartikel (1) betaalbaar sou gewees het as die pensioen die voorgeskrewe bedrag nie te bowe gegaan het nie, betaal of gelas dat dit betaal word: Met dien verstande dat as die oorskot van die betaalbare pensioen minder dan tien rand per maand beloop, die kommissaris 'n enkele geldsom in plaas van die hele pensioen kan betaal of gelas dat dit betaal word.".

Wysiging van artikel 51 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 36 van 1949 en artikel 10 van Wet 11 van 1974.

**9.** Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) By die toepassing van subartikel (4) omvat 'skadeloosstelling' ook die koste van geneeskundige behandeling en enige bedrag betaal of betaalbaar ingevolge artikel 40 (2), 44 of 76 (2), en in die geval van 'n voortdurende verpligting, ook die gekapitaliseerde waarde, soos deur die kommissaris vasgestel, van die pensioen (onverskillig of 'n enkele geldsom in plaas van die pensioen of 'n gedeelte daarvan te eniger tyd kragtens artikel 49 betaal word), periodieke uitkering of toelae wat, na gelang van die geval, die verpligting uitmaak.".

Wysiging van artikel 63 van Wet 30 van 1941.

**10.** Artikel 63 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Ondanks enige teenstrydige bepaling in hierdie Wet, kan die kommissaris, onderworpe aan sodanige voorskrifte as wat hy mag bepaal, 'n werkgewer individueel aanspreeklik of 'n onderlinge vereniging waarby die werkgewer verassureer is, magtig om eise om skadeloosstelling deur werksmense voorlopig te skik, met inbegrip van voorlopige

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



respect of lump sums payable under section 45 or 49 in lieu of pensions: Provided that such employer or association shall report such provisional settlements to the commissioner with such particulars and at such intervals as the commissioner may determine, and the commissioner shall either make an award confirming any such provisional settlement or shall deal with any such claim in the manner provided in section 56 as if such provisional settlement had not been made.".

Amendment of section 73 of Act 30 of 1941, as amended by section 27 of Act 27 of 1945.

**11.** Section 73 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) For the purpose of this section 'compensation' includes the cost of medical aid and any amount paid or payable in terms of section 40 (2), 44 or 76 (2), and in the case of a continuing liability, also the capitalized value, as determined by the commissioner, of the pension (irrespective of whether a lump sum is at any time paid in lieu of the whole or a portion of such pension in terms of section 49), periodical payment or allowance, as the case may be, which constitutes the liability.".

Amendment of section 74 of Act 30 of 1941, as amended by section 28 of Act 27 of 1945 and section 20 of Act 51 of 1956.

**12.** Section 74 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) For the purpose of this section 'compensation' includes the cost of medical aid and any amount paid or payable in terms of section 40 (2), 44 or 76 (2), and in the case of a continuing liability, also the capitalized value, as determined by the commissioner, of the pension (irrespective of whether a lump sum is at any time paid in lieu of the whole or a portion of such pension in terms of section 49), periodical payment or allowance, as the case may be, which constitutes the liability.".

Repeal of section 84 of Act 30 of 1941, as substituted by section 5 of Act 58 of 1967 and amended by section 3 of Act 60 of 1971 and section 12 of Act 11 of 1974.

**13.** Section 84 of the principal Act is hereby repealed.

Repeal of section 85 of Act 30 of 1941, as substituted by section 6 of Act 58 of 1967 and amended by section 4 of Act 60 of 1971 and section 13 of Act 11 of 1974.

**14.** Section 85 of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 86 of Act 30 of 1941, as substituted by section 7 of Act 58 of 1967.

**15.** The following section is hereby substituted for section 86 of the principal Act:

"Allocation of compensation in case of death.

**86.** When a Bantu workman dies as the result of an accident and leaves as dependants two or more widows as contemplated in section 4 (3), or such widows and one or more children, the compensation payable to such dependants shall, notwithstanding the provisions of section 40, be allocated in such manner as the commissioner may from time to time determine: Provided that the compensation payable shall not in all exceed the lump sum and pension which would have been payable in terms of the provisions of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



skikkings ten opsigte van enkele geldsomme betaalbaar kragtens artikel 45 of 49 in plaas van pensioene: Met dien verstande dat so 'n werkgewer of vereniging van sodanige voorlopige skikkings aan die kommissaris verslag moet doen, met vermelding van sodanige besonderhede en by sodanige tussenpose as wat die kommissaris mag bepaal, en die kommissaris moet òf 'n toekenning maak wat so 'n voorlopige skikking bekragtig òf met die eis op die in artikel 56 bepaalde wyse handel asof bedoelde voorlopige skikking nie getref was nie.".

Wysiging van artikel 73 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 27 van 1945.

**11.** Artikel 73 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) By die toepassing van hierdie artikel omvat ‚skadeloosstelling' ook die koste van geneeskundige behandeling en enige bedrag betaal of betaalbaar ingevolge artikel 40 (2), 44 of 76 (2), en in die geval van 'n voortdurende verpligting, ook die gekapitaliseerde waarde, soos deur die kommissaris vasgestel, van die pensioen (onverskillig of 'n enkele geldsom in plaas van die pensioen of 'n gedeelte daarvan te eniger tyd kragtens artikel 49 betaal word), periodieke uitkering of toelae wat, na gelang van die geval, die verpligting uitmaak.".

Wysiging van artikel 74 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 27 van 1945 en artikel 20 van Wet 51 van 1956.

**12.** Artikel 74 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) By die toepassing van hierdie artikel omvat ‚skadeloosstelling' ook die koste van geneeskundige behandeling en enige bedrag betaal of betaalbaar ingevolge artikel 40 (2), 44 of 76 (2), en in die geval van 'n voortdurende verpligting ook die gekapitaliseerde waarde, soos deur die kommissaris vasgestel, van die pensioen (onverskillig of 'n enkele geldsom in plaas van die pensioen of 'n gedeelte daarvan te eniger tyd kragtens artikel 49 betaal word), periodieke uitkering of toelae wat, na gelang van die geval, die verpligting uitmaak.".

Herroeping van artikel 84 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 5 van Wet 58 van 1967 en gewysig deur artikel 3 van Wet 60 van 1971 en artikel 12 van Wet 11 van 1974.

**13.** Artikel 84 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 85 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 6 van Wet 58 van 1967 en gewysig deur artikel 4 van Wet 60 van 1971 en artikel 13 van Wet 11 van 1974.

**14.** Artikel 85 van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 86 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 7 van Wet 58 van 1967.

**15.** Artikel 86 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toewysing van skadeloosstelling in geval van dood.

**86.** Wanneer 'n Bantoewerksman as gevolg van 'n ongeval sterf en as nabestaandes nalaat twee of meer weduwees soos beoog in artikel 4 (3), of sodanige weduwees en een of meer kinders, moet die skadeloosstelling betaalbaar aan sodanige nabestaandes, ondanks die bepalings van artikel 40, toegewys word op die wyse wat die kommissaris van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat die skadeloosstelling betaalbaar in die geheel nie meer mag bedra nie as die enkele geldsom en pensioen wat ingevolge die bepalings van artikel 40 betaalbaar sou gewees het

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



section 40 had such workman left only one such widow or only one such widow and such child or children.".

Short title and date of commencement.

**16.** This Act shall be called the Workmen's Compensation Amendment Act, 1977, and shall come into operation on [redacted] fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*: Provided that—

(*a*) the amendments effected by sections 1, 2, 5, 6, 7 (*a*), 7 (*b*), 7 (*c*), 13, 14 and 15 shall not apply with reference to accidents which occurred prior to the date so fixed;

(*b*) the amendments effected by sections 7 (*d*), 7 (*e*), 8 and 10 shall not apply in respect of cases where the pension concerned has, in terms of the provisions of the principal Act prior to its amendment by this Act, ceased with effect from a date prior to the date so fixed; and

(*c*) the amendment effected by section 4 shall not apply with reference to lump sums awarded in terms of the provisions of section 45 or 49 of the principal Act on a date prior to the date so fixed.

1st June 1977, R 94, 77, GG. 5549. 20/5/77.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



indien so 'n werksman slegs een sodanige weduwee of slegs een sodanige weduwee en sodanige kind of kinders nagelaat het.".

**16.** Hierdie Wet heet die Ongevallewysigingswet, 1977, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal: Met dien verstande dat— Kort titel en datum van inwerkingtreding.

*(a)* die wysigings wat deur artikels 1, 2, 5, 6, 7 *(a)*, 7 *(b)*, 7 *(c)*, 13, 14 en 15 aangebring is, nie van toepassing is nie met betrekking tot ongevalle wat plaasgevind het voor die datum wat aldus bepaal is;

*(b)* die wysigings wat deur artikels 7 *(d)*, 7 *(e)*, 8 en 10 aangebring is, nie van toepassing is nie ten opsigte van gevalle waar die betrokke pensioen, ingevolge die bepalings van die Hoofwet voor die wysiging daarvan deur hierdie Wet, verval het met ingang van 'n datum voor die datum wat aldus bepaal is; en

*(c)* die wysiging wat deur artikel 4 aangebring is, nie van toepassing is nie met betrekking tot enkele geldsomme wat ingevolge die bepalings van artikel 45 of 49 van die Hoofwet toegeken is op 'n datum voor die datum wat aldus bepaal is.